Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 16 Augustus 2019

1. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES

Rugby:

Die 0/15 A-rugbyspan het op 10 Augustus aan die Virsekerbeker Semifinale Rondte deelgeneem. Ongelukkig moes hulle die knieg buig voor die Hoërskool Klerksdorp. Geluk egter aan die span met 'n pragseisoen.

Krieket:

Binnenshuise Krieket: Baie geluk aan Dalusca Bothma (Gr 12) wat verkies is tot die Suid-Afrikaanse 0/21 Binnenshuise Krieketspan.

Landloop:

Die landloopliga vorder baie goed en die ligaposisie is soos volg:

Junior Dogters: 7de	Senior Dogters: 3de	Algeheel: 5de
Junior Seuns: 5de	Senior Seuns: 9de	Algeheel: 7de

Baie geluk aan Reece Kruger wat tans onder die top-18 atlete in sy ouderdomsgroep is.

Kaleidoskoop:

Baie geluk aan die volgende leerders wat die individuele- en groepafdelings van die Kaleidoskoop gewen het:

Band Bash: Spartane (Xander, June Shanice)	Dans: Charlize Vorster
Redenaars: Jana van der Merwe	Koekversiering: Mia Lubbe en Carmen Deysel
Musiek: Tia van der Berg	Fotografie: Kirah Blake
Public Speaking: Marnus Geldenhuys	Drama: Geraldine Lubbe en Brandon Lewis
Engelse Skryfwerk: Hestie Odendaal	Afrikaanse Skryfwerk: Wiltho Kotzé
Kuns: Minette Gericke	

Dans:

Acrobatic Dance Federation: Baie geluk aan Charlize Vorster wat tydens die Finaal van die Acrobatic Federation of South Africa se beurskompetisie die volgende prestasies behaal het: Beste Kontorsionis-danser, Beste danser in haar ouderdomsgroep, Wisseltrofee as die beste optrede tydens die kompetisie.

Noorderkruin Kunstefees: Baie geluk aan die volgende Wonnie-dansers se praguitslae:

Lynn-Lee Breytenbach: Ballet solo (B), Jazz solo (A), Karakter solo (A), Kontemporêre solo (A+), Kontemporêre duet (A+).

Chandré Vermaak: Jazz Solo (B+), Kontemporêre solo (A), Akrobaat solo (A++).

Chané Venter: Jazz solo (A), Kontemporêre solo (A), Kontemporêre duet (A), Leerder choreografie (A).

Heinrich van Staden: Karakter solo (B+), Karakter duet (B+), Karakter kwartet (B+), Leerder Choreografie (B+).

Elaine Kemp: Kontemporêre solo (B+), Karakter duet (B+), Karakter kwartet (B+).

Charlize Vorster: Karakter solo (A), Karakter kwartet (B+), Kontorsionis solo (A++).

Hardus Erasmus: Kontemporêre solo (B+), Karakter kwartet (B+).

Mekayla Kidson: Kontemporêre solo (B).

2. INTERHUIS: SAGTEBAL

Die Sagtebal Interhuis het werklik gelei tot groot mededinging. Baie dankie aan elke deelnemer. Die uitslae is soos volg:
Gedeelde 2de plekke: Knights / Spartane / Vikings

Wenners: SAMURAI

3. INTERHUIS: KALEIDOSKOOP

Graag wens ons die volgende interhuis-spanne geluk met hul uitslae tydens die Interhuis Kaleidoskoopkompetisie:

1. **Spartane**
2. Samurai
3. Vikings
4. Knights

4. KAN LEERDERS WAT 'N GRAAD HERHAAL, WEER DRUIP?:

Daar bestaan 'n algemene wanpersepsie dat 'n leerder slegs een keer in 'n fase kan druip. Alhoewel dit wel 'n deel van die beleid ("National Protocol Pertaining to Progression and Promotion") is, moet alle aspekte van die beleid ook in ag geneem word. Dit sluit die volgende in: 'n Skool kan aanbeveel dat 'n leerder weer die jaar herhaal indien...

1. 'n Leerder nie sy/haar SBA (Skoolgebaseerde Assesseringstake) voltooi het nie. Dit beteken dat 'n leerder wat uitstaande take, projekte, portefeuljes en mondelinge opdrage in 'n vak het, toelating tot die eksamen geweier kan word en dus die vak kan druip.
2. 'n Leerder voortdurend afwesig is:

'n Leerder wat 'n graad herhaal, kan dus weer druip. Indien u enige navrae in die verband het, kan u gerus me Mc Geer kontak by mcgeert@wonnies.co.za

5. UITTEKEN VAN LEERDERS:

Leerders wat daagliks in die skool is, is die skool se verantwoordelikheid. Daarom kan, volgens wetgewing, SLEGS wettige / biologiese ouers en voogde leerders tydens skoolure kom uitteken. Daar is tans verskeie leerders wat uitgeteken wil word deur vriende, oumas ens. Indien u dringend iemand anders moet stuur om u kind te kom uitteken, moet die persoon 'n skriftelike toestemmingsbrief van u as ouer/voog tesame met 'n afskrif van u as ouer se ID inhandig by die kantoor, alvorens die leerder uitgeteken sal word. Baie dankie vir u hulp in die verband.

6. GRAAD 9 VAKKEUSE-INLIGTINGSAAND:

Die keuse van vakke is vir elke Graad 9-leerder 'n moeilik maar ongelooflike belangrike stap. Daarom herinner ons u aan die Inligtingsaand wat plaasvind op **Dinsdag, 20 Augustus,** om 18:00 in die Flambojantsaal. Vir leiding en ondersteuning in die verband, kontak gerus mnr. B Deysel of besoek die Universiteit van Pretoria se webtuiste by www.up.ac.za waar daar 'n brosjure oor "Maak slim Graad 10-vakkeuses" is. Op die skool se eie webwerf by www.wonnies.co.za word elke vak ook bespreek.

M LEZAR
SKOOLHOOF